OOSTELIKE SINODE

familienuus

OOSTELIKE SINODE

VANUIT DIE SINODEHUIS

Oor die hele NG Kerk staan daar nou geskryf: Gee. Dit definiëer ons identiteit in hierdie dae. Ons skep 'n kultuur van gee. Dis 'n voorreg. Dis die Evangelie. Dis hoekom ons hier is. Maar wat is gee? My eie bedieningspad met gee het oor die jare 4 momente gehad:

Een - Ons vra lidmate vir tydskrifte wat ons aan 'n ouetehuis in Zimbabwe wil skenk. Dit word 'n chaos van ou Huisgenote en Landbouweekblaaie en wat nog alles. Dit lê die hele kerkkantoor vol. Die goed is flenters, vol oliekolle. 'n Tydskrif wat 'n week oud is, lyk al sleg. Weet jy hoe lyk een wat 'n paar jaar in die garage gelê het? Dis nie gee nie – dis om ontslae te raak van iets wat jy nie meer wil hê nie. Sedert daardie dag vra ek nooit weer vir lidmate vir "ou klere of ou komberse nie..."

Twee - 'n Tannie roep my nader by die basaar. By haar is 'n trollie vol vleis. Sy verklaar plegtig: "ek het nou darem baie vir die kerk gegee." "Hoe so, tannie?" vra ek. "Wel, ek het R800 se vleis gekoop." Die stemmetjie in my agterkop sê: "Ja, tannie, maar daardie vleis sou by die slaghuis oorkant die straat R900 gekos het." Dis nie gee nie – dis ruil. Dis (goeie?) besigheid doen.

Drie - Ons hou Pinkster in die yskoue Hoëveld-winter. Ons noem dit ons Serpe-Pinkster. Elke aand kom spog ons in die kerksaal met ons serpe. Gekoop. Self gebrei. 'n Kleure-fees. Op

weg. Ons gee dit vir die mense in die plakkerskamp langs die pad. Dis die mooiste prentjie van gee wat ek ooit gesien het. Ek kon die antwoordlied nie klaar sing nie – die mooi het in my keel vasgesit. 'n Gemeente wat uit diep oortuiging gee. (Daar het wel 'n geveg in die plakkerskamp uitgebreek oor wie die Bafana Bafana-serp gaan kry – die hoofman het sy voet neergesit en dit vir homself ge-"claim.")

Vier - Ek maak preek oor die lied in Filippense 2. Dis 'n mooi uiteensetting van Jesus se koms na die aarde. Sy vernedering. Sy verhoging. Dis inderdaad iets om oor te sing. Toe vang my oog Paulus se inleidende woorde: "dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was..." Sjoe. Dieselfde gesindheid? Ek lees weer. Jesus gee Homself weg. Ek vra myself af wat dit sou beteken. Dieselfde gesindheid? Om weg te kan gee. Om nie krampagtig vir myself hou nie. Om te gee tot waar dit seer maak. Om te gee, selfs al is jy nie seker of die ontvanger dit gaan waardeer nie. Die voorbeeld van hierdie soort gee? Jesus Christus. As sy volgeling is ek geroep om te gee soos Jesus gegee het: dieselfde gesindheid wat daar in Christus Jesus was...
Paulus se 2 Korintiërs 8 woorde het vir my nuwe betekenis gekry: "eers het hulle hulleself aan die Here gegee - en toe aan ons. Dit is soos God dit wil."

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Alisna Slabbert van Witrivier is as leraar bevestig in Witrivier. Verlede jaar is sy as Diensleraar bevestig maar sy het verder studeer en is nou 'n leraar.

SINODE SITTING

'n Skrywe oor ons 2024 Sinodesitting is aan gemeentes en leraars gestuur. Ons hou dit by Weesgerus op 7 – 10 Oktober 2024.

VERENIG IN GEBED – GOD SE LIGGAAM IN AKSIE

Wees deel van ‘n wêreldwye ekumeniese beweging wat op 1 Maart saam 'n gebedsketting in meer as 175 lande vorm. Hierdie jaar is dit reeds die 94ste keer dat die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid Afrika gehou word. Wees deel van ‘n beweging en beleef hoe die Gees, oor grense heen, mense bind uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip, toewyding en versterking van geloof.

Die tema vir 2024, "*Ek dring aan … Verdra mekaar in Liefde*", is gekies deur die vroue van Palestina. Kom ons as vroue neem die inisiatief om op 1 Maart by die werk, skool of in ons gemeente tyd af te staan om saam met vroue van oor die wêreld te verenig in gebed.

(In ons land is daar ook onder mans ‘n beweging om in gebed saam te verenig. Daarom is die eerste Saterdag van Maart geken as Wêreldbiddag vir Mans.)

2024 PROGRAM | 2024 RIGLYNE | GESKIEDENIS

Hoe goed ken jy jouself?

Ds Maartje van der Westhuizen, predikant en professionele Enneagram aanbieder, bied vanaf 14-15 Maart ‘n persoonlike groeikursus, die Enneagram aan. Daag jouself uit om 2024 díe jaar te maak waarin jy jouself en ander beter kan leer verstaan en waardeer sodat jy voluit in

Kontak haar sommer vandag nog by maartje.vdwesthuizen@gmail.com

ENNEAGRAM
Maartje vd Westhuizen

Die Enneagram, 'n persoonlike groeikursus wat jou help om jouself en ander beter te verstaan.

Die Enneagram is 'n hulpmiddel wat ons toerus om onsself en ander beter te verstaan. Elke mens het 'n ander manier van kyk na die werklikheid, asook verskillende idees, motiverings en uitkyk op die lewe. As ons dit kan begin raaksien, kan ons leer om onsself en ander te waardeer en voluit te lewe. Ons kan ook beter verstaan hoekom daar dinge in ons verhoudings is wat ons uitdaag of irriteer.

Ons kan nie die mense om ons verander nie, maar ons kan wel as persoon groei en so ook leer om verskillende situasies beter te hanteer. Baie verhoudingsprobleme is juis as gevolg van 'n tekort aan selfkennis.

BASIESE UITEENSETTING VAN DIE KURSUS

Die Narratiewe Tradisie bevorder 'n oop verkenning van elke persoonlikheidstipe deur die interaktiewe metode van paneelonderhoude te gebruik. Wanneer die mense in die groep begin deel, word al die tipes van die enneagram lewendig.

In hierdie werkswinkel sal jy genooi word om:

- Jou enneagram-tipe te ontdek en uit te vind wat die manier is waarop jy in die wêreld opdaag en wat jou motiveer.
- Dieper te delf in elk van die 9 verskillende tipes en jou motivering, fokus van aandag, emosionele gewoontes, sterkpunte en verhoudingsuitdagings te ontdek.
- Ervarings te deel en by mekaar te leer en geestelik te groei.

"In order to grow, we need to know ourselves"
Adiela Akoo

Kursus

Datums: 14-15 Maart 2024
Tyd: 9:00 - 17:00 (albei dae)
Koste: R1300 per persoon
Kursustipe: Aanlyn
Navrae: 072 375 3965
Bespreek by maartje.vdwesthuizen@gmail.com

12 VBO Punte

Maartje vd Westhuizen is 'n Professionele Enneagram aanbieder in die Narratiewe Tradisie en 'n Predikant.

Vars nuus wat inspireer

OPWINDENDE DIGITALE GESPREKKE OOR

EVANGELISASIE

VARS NUUS WAT INSPIREER!

ALMAL WELKOM
Leraars, gemeenteleiers
en lidmate

DAGBOEK HIERDIE DATUMS

DONDERDAE 12:00 - 13:30

KWARTAAL 1:
Donderdag 22 Februarie
Donderdag. 14 Maart

KWARTAAL 2:
Donderdag 18 April
Donderdag 6 Junie

KWARTAAL 3:
Donderdag 25 Julie
Donderdag 5 September

KWARTAAL 4:
Donderdag 31 Oktober
Donderdag 28 November

TEMAS WAAROOR ONS SAAM GAAN PRAAT

- Wat is aan die gebeur met die "E" woord?
- Is evangelisasie hoegenaamd nog nodig?
- Vars en nuwe volgelinge van Jesus!
- Gemeentes wat floreer en mense inspireer!
- Die Beste Nuus ooit!
- Gesprek met die Here oor mense?
- 'n Nuwe benadering vir ons tyd!
- Die ''slipstream" van die Gees!

Navrae: Frikkie Coetzee
083 222 6017

MISSIONALE TAAKSPAN
OOSTELIKE
SINODE

'n Zoom-skakel sal aan persone wat inskryg gestuur word

Die Missionale Taakspan van die Oostelike Sinode bied 'n reeks opwindende digitale gesprekke aan oor die tema van Evangelisasie. Die gesprekke gaan geleentheid bied vir insette van kundiges, praktiese saampraat van deelnemers en geleentheid vir vrae.

Zoom plaasvind om dit vir al ons familielede in die Oostelike Sinode moontlik te maak om saam te kan praat.

Kontak Frikkie Coetzee om ‘n plek te bespreek en sodat die Zoom skakel vir jou gestuur kan word.

PINKSTER 2024

Talle gemeentes vier Pinkster deur die week voor hul Pinkstereredienste, bidure of samekomste te reël, waarna daar gekuier word met sop en broodjies. Ander reik uit na die gemeenskap of verootmoedig hulself – soos die dissipels – in afwagting dat die Here weer deur sy Gees ‘n herlewing in die gemeente of gemeenskap sal bring. Hoe ookal u Pinkser vier, dit bly ‘n belangrike en betekenisvolle datum op ons kerkkalender.

Loer gerus na die Pinksterreeks wat deur CLF saamgestel is met die tema: Wat op aarde maak jy hier? Hierdie preekreeks is geskryf deur ds Karlie Liebenberg, 'n toegewyde VGK-dominee van Bredasdorp.

Kliek hier om die PDF weergawe af te laai

TOIBO

Die NG Kerk is 'n jarelange medewerker van TOIBO – die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys. Hulle kinders benodig ons hulp...

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat van 13 Februarie tot 4 Maart verjaar.

PREDIKANTE

14 Februarie - Lieze Meiring
16 Februarie - Christian Oberholzer
20 Februarie - Fanie Venter
20 Februarie - JZ de Jager
25 Februarie - Danie Vermaak
27 Februarie - Johan van der Merwe

EMERITI

14 Februarie - Albert Venter
15 Februarie - Dirkie vd Spuy
19 Februarie - Dawie Niewoudt
22 Februarie - Gerrit Theron
28 Februarie - Louis Louw
1 Maart - Anton Doyer
2 Maart - Johan Froneman
3 Maart - Kobus Bezuidenhout
3 Maart - Steyn van Heerden

GEMEENTES

17 Februarie 1971 - Skuilkrans
19 Februarie 1975 - Lynnwoodrif
2 Maart 1942 - Breyton

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou asseblief om die inligting op ons webwerf te benut. Daar is inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer.

Ons webtuiste

OOSTELIKE SINODE

Copyright (C) 2024 Oostelike Sinode. All rights reserved.

Our mailing address is:

Want to change how you receive these emails?

You can update your preferences or unsubscribe

INTUIT mailchimp